SÊ JOU SÊ!

# OPENBARE LIGTE IN KOMMETJIE

Die Stad Kaapstad se afdeling vir ontwikkeling van openbare beligting ontvang van regoor die metro versoeke vir ligte op openbare paaie of strate. Hierdie versoeke word ingevolge die Stad se mandaat om openbare ligte te verskaf, Stadsbeleid, en beligtingsgehaltestandaarde ondersoek.

**Daar word voorgestel dat een van die volgende twee opsies op hierdie stadium aanvaar word:**

**1.** NEE. Geen straatligte meer op hierdie stadium nie, asseblief: Die bestaande ligte in Kommetjie moet in plek bly, maar alle toekomstige versoeke vir ligte moet eers deur die subraad onderskryf word voordat die versoek aanvaar word. Wireless- en Riversideweg moet nie op hierdie stadium ligte hê nie en die drie nuwe ligte wat onlangs opgerig is, moet verwyder word.

**OF**

**2.** JA. Meer straatligte, asseblief: Die Stad sal inwoners se versoeke vir ligte volgens die bestaande standaardprosedure beoordeel. Die betrokke pad of straat sal ligte ontvang na goedkeuring.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende groepe of partye die geleentheid gebied om van 17 tot 31 Januarie 2025 kommentaar in te dien.

Die Stad Kaapstad se data-insamelingspan sal van 20 Januarie tot 31 Januarie 2025 ’n deur-tot-deur opname in die onbeligte areas in Kommetjie doen.

**Kommentaar, aanbevelings of insette kan op die volgende maniere ingedien word:**

- E-pos: Public.Participation@capetown.gov.za
- Opname: Skandeer die QR-kode om jou kommentaar digitaal in te dien of besoek www.capetown.gov.za/collaborate
- Skriftelike voorlegging: Subraad 19-kantoor, Sentrale Sirkel 41, Vishoek

Spesiale bystand sal verleen word aan diegene wat nie kan skryf of lees nie, diegene met gestremdhede en ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, sodat hulle insette of kommentaar aangeteken en aan die munisipaliteit voorgelê kan word.

**Vir navrae kontak 021 400 1450 of Anthea.Bendie@capetown.gov.za.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA04/2025

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.